

# Die Evangelie volgens Markus

Geloof in Aksie
Nederduitsch Hervormde Kerk
RANDBURG

## Hoofstuk 13

### Die profetiese rede: die tempel sal afgebreek word
### (Matt. 24:1-2; Luk. 21:5-6)

[1]Toe Jesus van die tempel af weggaan, sê een van sy dissipels vir Hom: “Here, kyk
watter geweldige klippe en watter geweldige geboue!”

[2]Jesus sê vir hom: “Sien jy hierdie groot geboue? Hier sal nie een klip op die ander
bly nie; alles sal afgebreek word.”

### Die profetiese rede: rampe en vervolging
### (Matt. 24:3-14; Luk. 21:7-19)

[3]Jesus het op die Olyfberg gaan sit, regoor die tempel. Toe hulle alleen was, vra
Petrus, Jakobus, Johannes en Andreas vir Hom: [4]“Sê vir ons, wanneer sal dit gebeur
en wat sal die teken wees van wanneer dit alles voleindig gaan word?”

[5]Jesus sê toe vir hulle: “Pas op dat niemand julle mislei nie. [6]Daar sal baie onder my
Naam kom en sê: ‘Dit is ek!’ en hulle sal baie mense mislei.

[7]“En wanneer julle die rumoer van oorloë en gerugte van oorloë hoor, moet julle nie
verskrik wees nie. Dit moet kom, maar dit is nog nie die einde nie. [8]Want die een
nasie sal teen die ander te staan kom en die een koninkryk teen die ander. Daar sal
aardbewings op baie plekke voorkom. Daar sal hongersnode wees. Hierdie dinge is
geboortepyne, die begin van die nuwe tyd.

9“En julle moet teen julleself op julle hoede wees. Mense sal julle aan die geregshowe oorlewer; in die sinagoges sal julle geslaan word, en voor goewerneurs en konings sal julle oor My teregstaan. Dit sal 'n getuienis voor hulle wees. 10En die evangelie moet eers aan al die nasies verkondig word. 11Wanneer hulle julle gryp om julle oor te lewer, moet julle julle nie vooruit bekommer oor wat julle sal sê nie, maar julle moet praat soos dit op daardie oomblik aan julle gegee sal word, want dit is nie julle wat praat nie, maar die Heilige Gees. 12Die een broer sal die ander oorlewer om doodgemaak te word, en selfs 'n pa sy kind. Kinders sal teen hulle ouers in opstand kom en hulle doodmaak. 13Ja, julle sal ter wille van my Naam deur almal gehaat word. Maar wie tot die einde toe volhard, sal gered word.”

### Die profetiese rede: die groot verdrukking
### (Matt. 24:15-28; Luk. 21:20-24)

14“En wanneer julle die ding wat 'n gruwel is vir God en wat verwoesting aanrig, sien staan op die plek waar hy nie moet wees nie – wie dit lees, moet dit goed begryp – dan moet dié wat in Judea is, die berge in vlug. 15Die man wat op die dakstoep sit, moet nie ingaan om iets in sy huis te gryp nie; 16en die man wat op die land is, moet nie omdraai om sy klere te gaan haal nie.

17“Dit sal bitter swaar gaan met die vrouens wat in daardie tyd swanger is en met dié wat nog klein kindertjies het. 18Bid dat dit nie in die winter moet gebeur nie, 19want in daardie tyd sal daar so 'n verdrukking wees soos daar van die begin af, vandat God die wêreld geskep het tot nou toe, nog nie was nie en ook nie sal wees nie. 20En as dit nie was dat die Here daardie tyd ingekort het nie, sou geen mens dit oorleef nie; maar ter wille van die uitverkorenes wat Hy uitverkies het, het Hy daardie tyd ingekort.

21“As iemand in daardie tyd vir julle sê: ‘Kyk, hier is die Christus!’ of: ‘Kyk, daar is Hy!’ moet julle dit nie glo nie. 22Daar sal vals christusse en vals profete na vore kom, en hulle sal tekens en wonderwerke doen om, as dit moontlik was, die uitverkorenes te mislei. 23Julle moet daarvoor op julle hoede wees. Ek het alles vir julle vooruit gesê.”

### Die profetiese rede: die koms van die Seun van die mens
### (Matt. 24:29-31; Luk. 21:25-28)

24“Maar in daardie tyd,
ná daardie verdrukking,
sal die son verduister word
en die maan sal nie skyn nie;
25die sterre sal uit die ruimte val
en die kragte van die hemelruim sal ontwrig word.
26“Dan sal die mense die Seun van die mens in die wolke sien kom met groot krag
en majesteit. 27En dan sal Hy die engele uitstuur om sy uitverkorenes bymekaar te
bring uit die vier windstreke, van die een kant van die aarde af tot by die ander kant.”

### Die profetiese rede: die voorbeeld van die vyeboom
### (Matt. 24:32-35; Luk. 21:29-33)

28“Leer dit van die vyeboom as voorbeeld: wanneer sy takke al sag word en hy blare
kry, weet julle die somer is naby. 29So moet julle ook, wanneer julle hierdie dinge
sien gebeur, weet dat die tyd naby is, voor die deur. 30Dit verseker Ek julle: Nog in
die leeftyd van hierdie geslag sal dit alles gebeur. 31Die hemel en die aarde sal
vergaan, maar my woorde nooit.”

### Die profetiese rede: die dag en uur van die wederkoms
### (Matt. 24:36-44; Luk. 21:34-36)

32“Maar niemand weet wanneer daardie dag en uur kom nie, selfs nie die engele in
die hemel nie en ook nie die Seun nie. Net die Vader weet dit. 33Wees op julle
hoede; wees waaksaam, omdat julle nie weet wanneer die tyd daar is nie. 34Dit is
soos 'n man wat ver weggegaan en sy huis onder beheer van sy slawe gelaat het.
Hy het vir elkeen sy werk gegee en die deurwagter beveel om waaksaam te bly.
35Bly dus waaksaam, omdat julle nie weet wanneer die huiseienaar kom nie, in die
aand of middernag of met hanekraai of die môre vroeg nie, 36sodat wanneer hy
onverwags kom, hy julle nie aan die slaap kry nie. En wat Ek vir julle sê, sê Ek vir
almal: Bly waaksaam!”

## Kommentaar volgens Bybel in Praktyk

### 13:1-37

Die profetiese rede.

## 13:1-2

Herodes die Grote het sowat vyftien jaar voor Jesus se geboorte (d.w.s. in 20 vC) begin om die tempel te herbou en op te knap. Die tempel het a( byna vyf eeue lank. van die tyd van Esra af (Esra 6:14. 15), so daar gestaan. Danksy Herodes was dit een van die mooiste geboue in Jerusalem. Hy wou egter nie die Here daarmee vereer nie. maar die guns van die Jode oor wie hy moes regeer, op dié manier wen. Dié grootse bouprojek is eers in 64 nC finaal voltooi. Jesus se woorde dat daar nie twee stene van die tempel opmekaar sou bly staan nie. is in 70 nC bewaarheid toe die Romeine nie net die tempel nie, maar die hele Jerusalem verwoes het. Die wit klippe (ongeveer 4 meter hoog en 6 meter dik) moes 'n onuitwisbare indruk op enigeen gemaak het. Jesus verlaat die tempel nou die laaste keer, op pad na sy dood.

## 13:3-13

Die dissipels wou weet wanneer die tempel verwoes sou word. Jesus het vir hulle 'n profetiese blik oor daardie tyd gegee en vertel van die gebeure wat dit sou voorafgaan. Hy het ook vir hulle vertel van ander dinge wat nog in die toekoms sou gebeur, en wat sy wederkoms sat voorafgaan. Hy het oor dinge in die nabye toekoms (verwoesting van Jerusalem) én die verre toekoms (sy terugkeer) gepraat, maar dit nie in kronologiese volgorde geplaas nie. Sommige dissipels het nog geleef toe Jerusalem in 70 nC verwoes is. Dit het hulle opnuut laat besef dat al die ander dinge wat Jesus gesê het ook bewaarheid sou word.

Jesus het hulle van die toekoms vertel, sodat hulle met visie en begrip kon lewe. Baie van die dinge wat Jesus hier sê, is nog nie bewaarheid nie. Hy het nie oor die toekoms gepraat sodat ons gedurig oor die datums moet gis nie, maar sodat ons te alle tye geestelik gereed en voorbereid moet wees vir sy terugkeer.

## 13:3-4

Die Olyfberg is net oos van Jerusalem geleë. 'n Mens het van die berghang af 'n mooi uitsig oor die stad en die tempel. Daar word in Sagaria 14:1-4 voorspel dat die Messias op dié berg sal staan wanneer Hy terugkeer om sy ewige koninkryk op aarde te kom vestig.

### 13:5-6

Jesus se dissipels wil graag weet wanneer Hy weer kom en ook wat die teken sal wees. Jesus waarsku eers dat daar baie misleiding in dié verband sal wees. Jesus sal weer kom volgens God se tydtafel en nie volgens mense s'n nie. Daarom moet ons ook versigtig wees vir allerlei opspraakwekkende voorspellings.

### 13:9-10

Die dissipels hét in die vroeë jare van die kerk se groei die vervolging waarvan Jesus gepraat het, ervaar. Die geboortepyne lei die tyd voor die wederkoms in. Dit geskied reeds deur al die eeue heen, naamlik oorloë, aardbewings, hongersnode en stryd. Die vervolging wat die dissipels gaan ondervind, het reeds met Jesus plaasgevind. Hulle gaan selfs voor die Joodse en Romeinse geregshowe gedaag word en gestaan word (40 houe 'n keer is toegelaat). God bly egter getrou en sal deur die Heilige Gees aan hulle sê wat om te sê.

### 13:12

In die klein kring van die gesin sal gesinslede mekaar ook nie spaar nie. Dit is net 'n bewys dat alle verhoudings aangetas word, omdat geloof in Christus verdeling bring tussen diegene wat vir Hom is en diegene wat teen Hom is.

### 13:13

Om "tot die einde toe" in Jesus te glo. sal volharding van ons vra, want ons sat met baie teenstand en uitdagings te doen kry. Deur hierdie beproewings sal die ware Christene van die mooiweer-gelowiges geskei word. Ons kan nie ons verlossing verdien deur tot die einde te volhard nie, maar ons volharding sal duidelik aantoon dat ons reeds gered is. Daardie versekering dat ons veilig in God se hand is, sal ons ook te midde van vervolging staande laat bly.

Hierdie "ding wat 'n gruwel is vir God" is die ontheiliging van die tempel deur mense wat die heilige God wil beledig. Keiser Caligula wou byvoorbeeld in 38 nC sy eie standbeeld in die tempel laat oprig, maar hy is dood voordat hy sy plan kon deurvoer. In 70 nC het keiser Titus 'n afgodsbeeld op die plek waar die tempel verwoes is, laat aanbring. Die "gruwel" herinner aan Daniël 12:11 waar die Siriese

koning Antiogus Epifanes IV 'n altaar ter ere van die Griekse god Zeus in die tempel laat oprig het. Moontlik verwys die "gruwel" ook na die antichris wat voor Jesus se terugkeer teen God gekant is.

### 13:15-21

Die mense sal sien wanneer die gruwelike ding sigbaar word en weet dat die dag aangebreek het. Geen tyd moet vermors word nie. Iemand moet sommer van sy huis se dak af direk vlug en nie nog probeer om iets uit die huis saam te vat nie. En die arbeider moet sommer vlug sonder sy baadjie. Swanger vroue en klein kindertjies sal moeilik beweeg. Almal sal baie swaar kry. Die Here sal egter verstaan en die tyd van gruwelike lyding verkort. Selfs vals Christene en profete sal met aansprake kom wat soos dié van Christus mag lyk om mense te probeer verlei. Die erns van die verwoesting van Jerusalem so wet as Christus se wederkoms is met mekaar vervleg. En na dié hewige tydperk sal Jesus terugkeer.

### 13:24-31

Met die wederkoms van die Here Jesus sal ook die hemel liggame dit toon (vgl. Joël 2:10,31). Die finale oordeelsvoltrekking van die hele aarde volg nadat die Seun van die mens gekom het. Die vraag bly nog steeds vassteek: wanneer sal dit plaasvind? Jesus beantwoord dit met die beeld van die vyeboom: as die nuwe groei deurbreek in sytakke en blare weet 'n mens dat die somer naby is. Dit sal nog plaasvind gedurende die leeftyd van diegene wat dié woorde van Jesus gehoor het. As ons in gedagte hou dat Jesus dié woorde in die vroeë jare dertig van die eerste eeu uitgespreek het en dat Jerusalem in die jaar 70 vernietig is, verstaan ons die woorde dat dit nog "in die leeftyd van hierdie geslag" sal plaasvind.

### 13:31

Gedurende Jesus se aardse leeftyd het die wêreld vir die inwoners baie konkreet en onveranderlik voorgekom. Die mense van daardie tyd het gevoel dat dit 'n permanente woonplek is -anders as vandag, waar soveel mense bang is vir uitwissing in 'n kernoorlog. Jesus sê egter dat selfs die aarde sal vergaan. maar dat sy woorde van waarheid vas en ewig en onveranderlik is. God en sy Woord bied die enigste standvastigheid in hierdie veranderlike wêreld. Hoe ondervoed kan ons nie wees nie as ons al ons tyd daaraan bestee om kennis van hierdie wêreld op te doen

en om aardse besittings bymekaar te maak. maar die Bybel en die ewige waarhede wat daarin vervat is, verwaarloos.

### 13:32

Jesus se opmerking dat selfs Hy nie die tyd van die ellende ken nie. bevestig die feit dat Hy as Middelaar volkome mens was. God, die Vader. Weet wanneer dit sal gebeur. Die klem val in hierdie vers op die feit dat niemand dit weet nie. Dit is in God, die Vader, se almag en Hy sal dit openbaar maak wanneer die tyd daarvoor reg is. Niemand kan selfs volgens berekeninge of die wetenskap presies bepaal wanneer Jesus gaan terugkeer nie. Jesus het ook vir ons geleer dat ons ons nie met rekenkundige bewerkings van die tyd moet besig hou nie. maar met voorbereidings vir sy terugkeer. Die groot klem val dus op waaksaamheid en om gereed te wees vir sy koms.

### 13:33-34

Ons beplan maande lank vir 'n huwelik, die geboorte van 'n baba, 'n werksverandering, 'n openbare toespraak of 'n verhuising. Hou ons altyd met ewe veel erns die terugkeer van Christus in gedagte? Soos in 12:1-12 lig Jesus die belangrikheid van waaksaamheid toe met 'n gelykenis oor iemand wat weggaan maar weer terugkeer na sy eiendom toe. Dit is die Here wat weggaan en terugkeer na sy eie toe. En Hy vra waaksaamheid van sy eiendom. Leef s6 dat dit duidelik is dat die koms van die Here Jesus jou nie onverhoeds sal betrap nie!

### 13:35

Hierdie hele Skrifgedeelte (13:3-37) leer vir ons om waaksaam met verwagting te leef terwyl ons op Christus se wederkoms wag. (1) Ons moenie mislei word deur verwarrende voorspellings of onverskillige interpretasies van wat gaan gebeur nie (15:5-6). (2) Ons moenie bang wees om oor Christus te getuig nie. wat mense ook al aan ons mag doen of vir ons mag sê (13:9-11). (3) Ons moet alles in die geloof verduur en nie skrik as ons vervolg word nie (13:13). (4) Ons moet geestelik waaksaam wees en in gehoorsaamheid lewe volgens die riglyne wat in God se Woord vervat is. Die doel met hierdie hoofstuk was nie om bespiegelings oor die geprofeteerde gebeure te laat ontstaan nie, maar om mense daarop bedag te maak dat hulle volgens God se riglyne moet (ewe. Die komende gebeure van die

vernietiging van Jerusalem, asook die wederkoms, vra van elke leser gereedheid en waaksaamheid.